



TOULEIER

Oud word is lekker



Die skrywer Timm Lott sê in sy boek *The Scent of Dried Roses* dat volgens 'n onlangse opname onder volwassenes dit duidelik blyk dat vandag se vyftigerjariges gesonder is as mense in hul twintigs. Verbaas?

Vir my, wat dit in elk geval al lankal glo, is dit finale bevestiging dat om oud te wees, enige dag beter is as om nog nat agter die ore te wees. Dis ook nie sommer 'n losse teorie nie, daar is feite wat dit staaf.

Vat nou maar geluk. Enige steekproef in die rigting van genoegdoeningsvlakke sal wys dat geluk sy laagtepunt bereik in die vroeë dertigs en dan weer geleidelik toeneem tot op sestig, waarna dit afplat. Mens is baie meer realisties in jou vyftigs. Dis die onderliggende rede hoekom mens ook baie meer gelukkig is.

Natuurlik is dit nogal heel verwarrend vir 'n jong persoon. Hoe kan iemand wat 25 jaar ouer is as hulle, en nog boonop oorgewig, kaalkop en baie nader aan afsterf is, so 'n aanspraak maak? Om oud te wees is ook mos om vrek lelik te wees, dan nie? In 'n samelewing wat so gesteld is op voorkoms, is ouderdom en agteruitgang mos 'n resep vir mislikheid.

Feit is, hulle dink juis so net omdat hulle nog jonk is. Hulle verstaan nog nie dat mens se eie idee van hoe aantreklik jy is, vasgemaak is binne jou eie ouderdomsgroep. Terwyl 'n mens in jou twintigs is, vergelyk jy jouself met mense wat ver beter lyk as jy. Jy gaan tot sover om 'n besonder aantreklike popster of akteur as maatstaf te gebruik.

Hier lê die geheim, meeste van jou medevyftigers en -sestigers lyk nou net so sleg soos jy. Sit jy die TV aan en jy sien 'n held van jou jeug lyk nou of hy/sy 20 jaar se oordosis vetkoek en koeksisters agter die rug het. Dis vreeslik gerusstellend. Veral as hy of sy se gesig reeds lyk soos 'n pruimedant en daar groei lang hare uit die neusgate uit. Dan voel jy éers meer gemaklik.

Ek weet 'n mens het oënskynlik baie beter gelyk in jou twintigs met daai geriffelde maagspiere en die vol dos hare en met 'n gladde vel om als te omlin. Maar het jy miskien toe beter en mooier gevoel?

O nee, jy het plein en lelik gevoel. Vandag is ek lelik, maar tog hou ek van myself. Die groepdruk is weg. Binnekort is die hele groep sommer weg.

Deel van 'n mens se beter selfbeeld is dat jy besef dat niemand eintlik rêrig omgee oor hoe jy lyk nie. Jy het jouself net gebluf deur te dink die meisies kyk jou spiere uit soos hulle in die advertensies sê.

Nooit gesien nie. Noudat jy ouer is, gee jy nie juis om nie. Veral as jy so gelukkig is soos ek, wat 'n Kamermaatjie het wat van my hou soos ek is.

Ek hoef nie meer gehoor te gee aan rasende hormone en gereeld en desperaat probeer om 'n lid van die evasgeslag in my bed in te lok nie. 'n Mens het nogal goed gely onder die besef dat die meerderheid van daardie meisies jou nooit sou toelaat om saam te doedoe nie.

Nou kan ek rustig die vroulike skoonheid bewonder sonder dat my tong hoef uit te hang, net om later te besef my kans was eintlik maar min of niks.

Ek kan nou meer eerlik ook wees. Erken ek hou van die Carpenters en van Gé Korsten en nie omgee wie dink wat van my daaroor nie.

Egtheid tree na vore. Jy besef oud word bestaan nie eintlik nie. Jy is steeds dieselfde jy van dertig jaar gelede. En so sal jy bly, vir altyd.

Groete hier uit die Duinewêreld.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

There is no old age. There is, as there always was, just you.

-- Carol Matthau, *O Magazine*, October 2003



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Die wiele begin af val

KYK, as die land se weermag en sy polisie op mekaar begin skiet – nogal by die Uniegebou! – en as 'n skarminkel soos regter Sloppy John "onskuldig, maar onwys en ondeurdag" bevind, moet 'n mens maar weet: Die paar wiele wat nog oorbly, begin nou ook af val.

John Hlophe dra nou al 'n paar jaar lank van die ergste bagasie met hom saam, maar niks gebeur nie. Die uitspraak hierbo was van die Regterlike Dienskommissie op die klag dat Hlophe probeer het om twee regters oor die klag teen Jacob Zuma probeer beïnvloed het. Die RDK het die saak nie eers deeglik ondersoek nie.

Sy pad om hoofregter te word, staan dus oop.

► **En Roelfie dog nog altyd regters moet juis wys en deurdag wees? Seker net nie in Afrika nie.**

❖ So gaan dit maar

IN dieselfde week lees ons dat van al die korrupte staatsdepartemente, is justisie die heel korruptste. Gee mens moed, of hoe?

En in die voortslepende saak teen die dronkryer en muurvernietiger regter Motata is hy toe darem – danksy oorweldigende en onweerlegbare getuieis – skuldig bevind.

Wat nog nie sê hy mag nie maar voortgaan om regspraak te lewer nie.

Want so van lewer gepraat: ons weet mos almal die voormalige patetiese minister van gesondheid, Mango Sjokolade-Piesang, was 'n alkoholis wat op belastingbetalers se koste voor in die ry ingedruk is vir 'n leweroorplanting. En minister gebly het.

► **Isj mar soosj dit isj hier in Dushkantland.**

❖ Jy maai wat jy saai

NET 'n paar dae tevore lees Roelfie 'n artikel waarin 'n militêre kenner die redes uiteensit waarom Duskantland 'n sterk weermag nodig het om ook 'n groot taak in Afrika te verrig.

En die koerant was nog nie eers in die asblik nie, toe ruk 'n faksie van die einste weermag met geweld op om by die Uniegebou meer as net te toi-toi.

Bloed op die grasperke, want die polisie skiet toe met rubberkoëls op die gepeupel.

Later kom waterkanonne by, en dit was om die orde te herstel, nie om die bloed weg te was nie.

Dit is nou die optrede van mense wat die vrede moet bewaar en die land moet beskerm. Mense wat reeds gratis inwoning en mediese dienste het, maar wat nou betoog vir 'n allemintige 30% verhoging.

En wat gebeur? 'n Stuk of 1300 van die 2000 skarminkels word "voorlopig" afgedank. In Duskantland beteken so iets hulle is volgende week terug, dalk nog met verhoogde range.

Nou ja, ons weet mos almal daar is geen dissipline meer in die weermag nie – nie sedert 'n klomp dissiplinelose, swak opgeleide MK-terroriste die septer swaai nie.

► **As jy kaf saai, sal jy kaf maai – sakke vol.**

❖ Voorbeelde trek

DINGE gaan rof in Noordwes, en dis nou volgens die vertroulike verslag van 'n ANC-taakspan wat uitgelek het.

Dit wemel van klagtes van nepotisme, tenderbedrog, omkopery, misbruik van fondse, korrupsie en die verkoop van staatsgrond vir eie gewin.

Vir tenders van R8 miljoen is R20 miljoen betaal, en R5 miljoen is betaal vir padwerke wat nooit gedoen is nie. Een van die munisipaliteite se rekening is met R1 miljard agterstallig, maar dan word sokkerspanne oorsee gestuur.

► **Dié verslag sal seker ook in 'n laai beland, want hoe tree jy op teen 'n provinsie wat maar net die nasionale regering se voorbeeld volg?**

❖ En die goeie nuus is . . .

Klewwer Trewwer Handrat is mos deesdae die hoofbeplanner van die regering en die man wat al die departemente moet regruk.

En somer met die intrap waarsku hy teen die kommunistiese manier van beplanning, wat die state in doodloopstraat laat beland. As voorbeeld gee hy Sowjet Rusland en China, waar dit jare geneem het om die gemors op te ruim.

Hy gaan glo 'n komitee met die beste breins in die land tot stand bring om Duskantland uit sy eie doodloopstraat te lei.

► **Dis nou as die SAKP, Cosatu en die Sandputkinders op die idee sal inkoop, en dis dalk net hier waar die knoop lê.**

Allegaatjie

Die Pick n Pay Koek

Hou in gedagte dat hierdie Engelse storie 'n ware verhaal is van iemand wat 'n koek vir 'n spesiale geleentheid bestel het.

P&P: "Hello dis is Pick & Pay, how kin I 'elp you?"

Customer: "I would like to order a cake for a going away party this week."

P&P: "What you wan on de cake?"

Customer: " 'Best Wishes Suzanne' and underneath that 'We will miss you'."

Die foto toon die resultaat.



NUWE WOORDE VIR 2009

SLAISYSTAPPER

Beskrywing van 'n moerse oorgewig persoon

MOERASDONKIE

'n Baie onaantreklike persoon

BLAAMSTORM

Om in groep te sit en redes te bespreek waarom 'n projek misluk of iemand die sperdatum gemis het – en wie nou eintlik daarvoor verantwoordelik is.

SEEMEEU-BESTUURDER

'n Bestuurder wat by die kantoor invlieg, 'n groot lawaai opskop, op almal en alles tjorts en dan padgee!

BOEING-BLOND

Iemand met spierwit gebleikte hare, maar wat nog steeds die "black box" behou het

WINDHOND

'n Baie kort rompie - net so 10 cm onderkant die haas

MILLENNIUM-KOEPSEL

Die inhoud van 'n Wonderbra – baie indrukwekkend van buite, maar daar is niks binne-in wat die moeite werd is om te sien nie.



SLIM DOKTER GEE RAAD

V: Moet ek my alkohol-inname verminder?

A: Glad nie. Wyn is van vrugte gemaak. Brandewyn is gedistilleerde wyn, wat beteken hulle het die water uitgehaal en dit meer vrugtig gemaak sodat dit eintlik nog beter vir jou is. Bier is ook van graan gemaak. Prost!

V: Hoe bereken ek my liggaam/vet verhouding?

A: Wel, as jy 'n liggaam het en jy het vet, is die verhouding 1:1. As jy twee liggame het is dit 2:2, ensovoorts.

VREEMDE OPSKRIF
Kinders maak lekker happies

Smaak hulle na hoender?

As die dae korter is
hoef ons nie op te
staan nie



Los my uit!
Jy kan mos sien ek slaap nou!

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Boere wou toeniks weet van sy x-strale

Een van die baie ongehulde helde uit die Anglo-Boereoorlog is Rousseau van Alphen, die seun van die posmeester-generaal van die ZAR, Isaac van Alphen. Die ouer Van Alphen was self 'n man wat spore in die geskiedenis van Pretoria gelaat het.

Toe die oorlog in Oktober 1899 uitbreek het, was Rousseau van Alphen net 18 jaar oud en 'n student in Duitsland waar hy hom as elektriese ingenieur wou bekwaam. Hy het egter dadelik sy studies gelos en na Pretoria teruggekeer.

Tussen sy bagasie wat hy saamgebring het, was 'n x-straalapparaat. In Pretoria het hy en sy x-straalmasjien by die Duitse Rooi Kruis se ambulans aangesluit en saam met hulle na Jacobsdal vertrek. Jacobsdal was waar die Boere aan die Wesfront onder generaal Piet Cronje hul hospital ingerig het.

In Jacobsdal aangekom het Van Alphen tot sy grootste teleurstelling moes uitvind dat die x-straalapparaat wat hy met soveel moeite uit Duitsland saam gekarwei het nie sonder 'n kragopwekker kon werk nie. Die jong man het egter van tou opgooi niks geweet nie.

Hy is terug Johannesburg toe en het daar by een myn 'n petrol aangedrewe enjin opgekommandeer en by 'n ander myn 'n kragopwekker. Die twee vermiste skakels in sy poging om aan die Boere die bes moontlike mediese diens te lewer het hy op 'n trein gelaai na Bloemfontein. Daar aangekom het hy eenvoudig 'n ossewa gekommandeer om sy waardevolle bagasie vir hom na Jacobsdal te vervoer.

Klaar met "leen" was die jong man nog nie. In Bloemfontein het hy by Fichardts vir hom 'n gros gloeilampies gekry en saam daarmee genoeg petrol om sy enjin aan die gang te hou.

Daar word vertel dat die inwoners van Jacobsdal hul verwondering nie kon verberg toe die hospital skielik op Oujarsaand van 1899 elektries verlig was nie.

Die x-straalmasjien is op Jacobsdal deur die Duitse geneesheer dr. Herman Küttner gebruik. Küttner was in daardie stadium een van die weinige dokters ter wêreld wat geweet het hoe om 'n x-straal masjien in oorlogstoestande te gebruik.

Die x-straal is in 1896, slegs drie jaar voor die oorlog deur die Duitser, Wilhelm Röntgen, aan die wêreld bekend gestel. Vir die ontdekking sou Röntgen in 1901 die eerste ontvanger van die Nobelprys vir fisika word.

Die Boere was egter nie so beïndruk met die masjien wat die jongman van oor die waters saamgebring het nie. Hulle was van mening dat as God wou gehad het dat die mens moes sien wat onder sy vel aangaan, sou God aan die mens 'n deurskynende vel gegee het!

Vir al sy moeite is Rousseau van Alphen deur die hoof van die Duitse Rooikruis, Marine Stafchirurg Matthiolius, amptelik vermeld in sy verslag aan die einde van Januarie 1900. Die Boere en die latere geskiedskrywers uit Boeregeledere het egter weinig erg aan die militêre erkenning gehad.

Poetse bak op kommando

Daar was lang tye sonder gevegte op kommando, en dit het die terglustige burgers die kans gegee om poetse te bak.

Een van die suksesvolste poetse was toe kmdt. F.J. Potgieter van Wolmaransstad sy penkoppe ingespan het om die skynsieke en lafhartige leegglêers skrik te maak. Hy het agttien van die lyfwegstekers gestuur om in 'n nabygeleë boord vrugte vir die kommando te gaan pluk.

Hulle was net lekker in die boord doenig toe die penkoppe met 'n sarsie skote bo-oor hul koppe lostrek. Die plukkers het soos vrot perskes uit die bome geval, opgeval en na hul perde gehadloop.

So groot was die verwarring dat hulle verrinneweer daar uitgesien het. Baie was sonder hoed, ander se klere was geskeur, een was sonder 'n skoen en minstens een vol turksvydorings.


Een van die plukkers was Nicolaas (Siener) van Rensburg.



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

BLONDIE



TREK UIT!

Die kunstenaar was bekend vir sy naaktestudies van pragtige vroue. Een oggend word hy met 'n skrikwekkende hoofpyn en 'n verkoue wakker, en toe sy model arriveer, sê hy sy hoef nie te poseer nie.

Hy sê hy gaan bed toe, maar hy sal haar dagloon betaal.

Sy voel toe baie simpatiek, bied aan om vir hom tee te maak en hom bietjie geselskap te hou. Hulle sit nog en gesels toe 'n motor stilhou.

Die kunstenaar spring toe paniekerig op sy voete. "Gou!" skree hy. "Dis my vrou! Trek gou al jou klere uit!"

VERSEKERING

Twee vroulike operasangers gesels voordat die opera begin. "Ek hoor jy het jou stem vir R100 000 verseker," sê die een. "O ja, ek het!" antwoord haar mededinger.

Waarop die eerste een smalend vra: "Goeiste, en wat het jy toe met die geld gemaak?"

HOE SEER IS DIT?

'n Man klim op die bus, en albei sy broeksakke is vol gholfballe gestop.

Die blondine hou aan om hom nuuskierige kyke te gee, en ná 'n ruk sê hy: "Dis gholfballe."

Maar die blondine het aangehou om na hom te staar. Later kon sy haar nuuskierigheid nie meer bedwing nie, en vra: "Is dit net so seer soos tennis-elmboog?"

KROEGBESTELLING

'n Man stap by 'n kroeg in met 'n stuk asfalt onder sy arm.

Hy plaas sy bestelling by die kroegman:

"'n Bier vir my, en een vir die pad."

HENGELSTORIE

Die naweek-hengelaar was in die baai toe hy sien hoe 'n ou veteraan 'n spieël tussen sy gerei uithaal en dit oor die water hou.

Hy roei toe soontoe. "Wat maak jy?" vra hy ná die heen-en-weer groetery.

"Moenie vir iemand vertel nie," sê die veteraan, "maar dis 'n onfeilbare manier om vis te lok. Jy fokus die sonstrale op die water, die visse kom stel ondersoek in, en jy vang hulle."

"Fantasties!" roep die nuweling. "Sal jy 'n aanbod van R100 vir die spieël aanvaar?"

"Vir seker," sê die veteraan, en hulle sluit die transaksie.

Terwyl hy wegroeit, vra die nuweling:

"Hoeveel het jy vandag gevang?"

"Jy is die derde een," antwoord die veteraan.

SLIM PLAN

Die dorpsraad het 'n nuwe brandweerwa gekoop, en moes toe besluit wat om met die ou een te maak.

Die onderburgemeester kry toe 'n briljante idee.

"Hoekom gebruik ons hom nie vir die vals alarms nie?"

Daar bestaan nie iets soos pret vir die hele gesin nie.

-- Jerry Seinfeld

CROC deur Bill Rechlin & Don Wilder



Ons vriendjies met vlerkies

Deur REINDERD VISSER



Die Ludwigse Pou

Hulle is net so gelukkig met vleis as met groen sade

Hoor 'n mens die woord POU dink jy dadelik aan die voël met die pragtig gekleurde pronkstertvere en die skril roep.

Nee, daardie een is ingevoer en terloops Indië se nasionale voël. Ons het egter ook 'n paar voëls in Suid-Afrika wat as poue bekend staan. Die grootste hiervan is die Gompou (Kori Bustard). Jy kry hom redelik wyd verspreid Noord asook Oos van ons en hy staan bekend as die swaarste voël in die wêreld wat kan vlieg! Volstruis se kind het ophou probeer om hierdie rekord te verbeter.

Die pou hier by ons is die Ludwigse Pou (Ludwig's Bustard). Al is hy nie baie algemeen nie (statistieke sê 4 tot 48 voëls per 100 vierkante kilometer kom in ons omgewing voor) sal vele boere sekerlik kan vertel dat hulle al 'n groot swaar voël op die plaas gesien het wat beslis nie 'n Sekretarisvoël, 'n Swartkopreier, 'n Bloukraanvoël of Wit Ooievaar was nie.

Sy diep stem met voorafgaande voetestamp op 'n stil oggend wanneer hy pronk laat 'n mens wonder wat op aarde dit is wat nou so maak.

Anders as ander groot voëls hou die Ludwigse Poue nie baie van bewerkte landerye nie - slegs 'n gemiddelde van 5% van alle voëls gesien is op bewerkte gronde. Kyk dus eerder in areas met lae natuurlike struik as jy hom wil soek.

Hy hou beslis ook meer van droër gebiede - jy sal hom byna glad nie aan die kus se kant kry nie. (Sy neef, die Veldpou - Denham's Bustard - is daar weer heel tuis.)

Hier in die Klein-Karoo is waar Ludwig in sy element is, trouens, sou jy die voorreg hê om op 'n stadium deur die dorre en droë Namib-woestyn ry, is die kansse goed dat jy hom daar ook sal sien.

Ons het hier met 'n omnivoor te doen - hulle is net so gelukkig met "vleis" (o.a. insekte, spinnekoppe, skerpioene en selfs muise) as met groen goed (sade, besies en blare).

En heelwat van die voëls waaroor ons tot dusver gesels het, was monogaam - getroud tot die dood hul skei - maar die Ludwigse Ppou voel nie so sterk daaroor nie.

"As jy van my gepronk hou, kan ons hierdie seisoen afpaar. Volgende seisoen voel ek dalk anders oor jou, of jy oor my", sou hulle kon sê.

Volgens hul beperkte getalle word hulle as kwesbaar geklasifiseer, met telefoon- en kragdrade hul grootste vyand. Strikke en gif eis ook hul tol. Die Witkruisarend is hul grootste natuurlike vyand. As daar een of 'n paar in jou omgewing is, geniet, en beskerm.

KOLIBRI'S

Hierdie vrou se naam is Abigail Alfano en sy woon in Louisiana op die kolibri's se vlugpad. Met hul migrasie was daar 'n stuk of 20 in haar erf, en sy het 'n rooi bakkie geneem en dit met suikerwater gevul.

Een oggend het sy die bakkie in haar hand geplaas en hulle gaandeweg van haar teenwoordigheid bewus gemaak.

Die foto's toon die resultaat.





So 'n bietjie PITKOS

Bier sluk baie water

Diegene wat lief is vir 'n koue bier op 'n warm dag, sal dalk in die toekoms stadiger aan hul Castle of Carling Black Label drink as hulle besef dit het 155 liter water "gekos" om een liter bier te produseer.

In die eerste studie van sy soort het die Wêreld-natuurfonds (WWF) en die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) pas 'n verslag bekend gestel waarin dié multinasionale maatskappy se watervoetspoor gemeet is.

Die studie gaan selfs verder en tref 'n vergelyking tussen die grootte van die SAB se watervoetspoor in Suid-Afrika en dié in die Tsjeggiese Republiek.

Navorsers wat aan die studie deelgeneem het, het vasgestel dit is "baie duurder" om bier in Suid-Afrika Republiek, waar dit 45 liter water "kos" om een liter Pilsner Urquell by SAB Miller se aanleg by Plzensky Prazdroj te maak.

Altesame 98,3% van al die water wat in die Suid-Afrikaanse biermaakproses gebruik word, word gebruik vir die besproeiing van gewasse.

- As 'n mens egter in ag neem dat die watervoetspore van koffie, wyn en appelsap drie keer groter as dié van bier is, is dié alkoholiese drank dalk nie buitengewoon dorstig nie, sê die WWF.



Wenke vir mans: Hoe om NORMAAL te bly as die lewe so druk

1. Sit in jou geparkeerde motor met 'n sonbril en wys 'n haardroër na die karre wat verbykom. Kyk hoeveel van hulle ry stadiger.
2. Huppel in die straat af pleks van loop.
3. Bestel Dieet Water met 'n reguit gesig in die restaurant.
4. Sing saam by die opera.
5. Skree "Ek het gewen! Ek het gewen!" as jou geld by die OTM uitkom.
6. As jy die dieretuin verlaat, skree "Hardloop vir julle lewens! Die leeus se hok is oop!"
7. Met aandete, sê vir jou kinders: "Tye is swaar, en ek verdien te min geld. Ons sal 'n ander blyplek vir een van julle moet vind."

En die laaste manier om vrolik en geestesgesond te bly:

8. Tel 'n boks vol kondome in die apteek op, en vra waar is die aanpaskamer.

Daar is 'n dun lyn tussen normaal wees en mal wees. Ek het die lyn uitgegee.

-- Oscar Levant (1906 - 1972)



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Wafels en Plaatkoekies

Ek glo julle kon nie wag vir die res van my stukkie oor pannekoek, wafels en plaatkoekies nie. WEL: SO MAAK MENS VERDER!

Wafels

4 eiergele	2 ½ k. melk
160 ml olie	6 e. suiker (90 ml)
2 t. sout	3 k. gesifte meel
20 ml bakpoeier	4 styf geklopte eierwitte

Meng eerste vyf bestanddele goed. Voeg droë bestanddele by. Meng saam tot glad (nie te veel nie). Vou eierwitte in. Bak in wafelpan.

Plaatkoekies

440 ml meelblom	10 ml bakpoeier
Knippie sout	25 ml suiker
410 g melk	1 eier
12.5 ml olie	

Sif droë bestanddele saam en klits eier en melk. Voeg droë bestanddele by melk en eier. Klits goed. Laat staan vir 25 minute. Skep met lepel op gesmeerde bakplaat. Keer om wanneer borreltjies bo-op bars. Plaas plaatkoekies tussen gevoude doek op 'n draadrakke en laat daarin afkoel. Sit in bak met deksel. LW: Die geheim lê in die afkoelproses. Smullekker plaatkoekies kan ook met vulsels gebak word. Skep die vulsel op die plaatkoekies sodra die beslag begin stol en voordat dit omgedraai word. Om die vulsel in die plaatkoekies te verseël, skep nog 'n bietjie beslag bo-oor, laat net stol en keer om.

Plaatkoekies met sout vulsels

Groente-plaatkoekies:

Hou gereed vir 1 x resep plaatkoekiebeslag ongeveer 250 g geblansjeerde (tot kookpunt verhit en in koue water afgespoel) groente in repies gesny, soos sagte jong groenboontjies, wortel, prei, aspersies en jong mielies, asook pietersielie of platblaar-pietersielietakkies of roketslaai. Rangskik die groente sierlik op die halfgaar plaatkoekies en draai dit om om ook aan die ander kant te bak en die groente effens te verbruin.

Bedien met 'n skeppie suurroom of roomkaas en grasui, of strooi 'n bietjie gerasperde kaas bo-oor.

Hoender-en-sampioenplaatkoekies:

Hou gereed vir 1 x resep plaatkoekiebeslag ongeveer 250 g gaar hoenderborsvleis, in fyn repies gesny, 125 ml boontjiespruite en 50 ml gesnipperde grasui.

Verhit 30 ml botter of margarien in 'n vlak kastrol en roerbraai die vulselbestanddele tot net gaar en droog.

Geur met knoffel-en-kruiegeursel, sout en swartpeper na smaak.

Skep ongeveer 50 ml van die vulsel op elke plaatkoekie en bedien die plaatkoekies met slaigarnering wat vars kruie insluit.

Plaatkoekies met soet vulsels

Sjokoladebrokkie-plaatkoekies:

360 ml bruismeel (1½ k.)	60 ml suiker (3 e.)
2 eiers	300 ml melk (1¼ k.)
250 g sjokolade brokkies (1 k.)	

Ek rasper eerder gewone sjokolade as wat ek die brokkies gebruik. Dit smelt vinniger. Olie vir bak. Meng al die bestanddele tot 'n bietjie dikker beslag as 'n roomtekstuur. Verhit pan met bietjie olie in, skep ewe groot lepelsvol beslag in die warm pan. Sodra dit borrels maak, draai dit om en bak die ander kant ook tot goudbruin en tot die kenmerkende fluweel tekstuur.

NB: Om die sjokoladebrokkies in die plaatkoekies in te bak: Net nadat jy die lepelsvol deeg in jou pan geskep het, skep jy in die middel op elke plaatkoekie sowat 1 e. sjokoladebrokkies sodat dit in die deeg kan insmelt voordat jy dit omdraai.

(Haastige ek strooi eerder die gerasperde sjokolade op die warm, gaar plaatkoekies, dan is daar geen gemors in die pan terwyl jy nog wil bak nie.)

Bedien saam met geklopte room.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BOTES jacquelinebts20@gmail.com

My pa is J.A.W Botes, so ook my oupa, het op Klerksdorp gewoon.

BOUWER teresam@fmi.co.za

Oor Bouwer stamboom.

COETZEE goodsea@mweb.co.za

My pa was Abraham Jacobus Coetzee, My oupa Martin Joseph Adriaan. Soek meer inligting, asook oor die herkoms van die Coetzee's.

COETZEE nicojc@mweb.co.za

My pa was Albertus Johannes Coetzee gebore 29 Junie 1920 op Burgersdorp. My oupa was Nicolaas Johannes Coetsee (let wel met 'n S).

DE KOCK gawiedk@megaweb.co.za

Pa, Oupa, Grootjie, almal Gabriel Stephanus.

DU TOIT ludlum@jafrica.com

My stamboom van die Du Toit-familie behels oor die 800 Du Toit's en oor die 3,000 aangetroude familieledede.

ENGELBRECHT annamariej2@gmail.com

Waar kom die AJ Engelbrechts vandaan? Die oorsprong asb.

FABRICIUS cbsfabricius@yahoo.com

Familienamie is Jacobus Frederick en ook Daniël Jacobus.

GERMISHUYS Theuns.Germishuys@bhpbilliton.com

Alle Germishuys/Germishuizen/Germishuis vanne.

HYMAN attela@orcawireless.co.za

David Hyman. Streek Gordonia, Upington.

KOEKEMOER judimeyer@mweb.co.za

My pa, Pieter Frederick Ernst Marais, se suster was getroud met Joachim Matthyss Koekemoer. Ek sal graag die nasate wil vind. Ons grootouers was Jan Johannes Marais en Elisabeth Susanna gebore Du Plessis.

LABUSCHAGNE plabuschagne@gmail.com

Pierre Labuschagne getroud met Melanie Labuschagne(geb. Smith) in Bellville.

LIEBENBERG ockiel@formsind.co.za

Barend Johannes (vader), Maria Hendrika (moeder), Willem Ockert (my name).

OTTO gotto@absamail.co.za

Op soek na die stamboom van die Otto's.

PRINSLOO wimpie.engelbrecht@gmail.com

Willem Nicolaas, afstammeling van prins Willem van Oranje, ook Hendrik Petrus Prinsloo.

STIEGER stieger@dieplaas.co.za

Wil graag kontak maak met die dogters van Ernst Bruwer Stieger (my pa se neef) getroud met Regina Elizabeth Schäfer oorspronklik van Greytown. Lettalie (Lettie) geb. 1951, Regina Elizabeth (Tossie) 1952, Mariaan 1954, Juliana 1955. Lettie en Tossie het as jong dogters vir 'n kort tyd by my ouers in Durban gewoon. Is besig met navorsing oor die Stiegers en enige inligting van Stieger of aangetroude familie is vir my belangrik!

STIEGER stieger@dieplaas.co.za

Enige Stieger- inligting is welkom (inligting in GISA is deur myself verskaf). Dan soek ek die ouers van Sarah Johanna ROOS *c 1865 oorl 24 Aug 1944 x Pieter Barend FOUICHE *c 1870 oorl c1906.

STEYN marwie@iway.na

Enige inligting rakende president Martinus Theunis Steyn en gesin - afstammeling van Douw Gebrandt Steyn, oorlede Maart 1700, sal van onskatbare waarde wees. Ek is 'n nasaat van President Steyn.

STEYN steyn_hannes@yahoo.co.uk

Ek soek na inligting oor Johannes Jacobus Steyn, getroud met Alida Barendina van der Walt, laat 1700's vroeg 1800's. Hulle seun was Andries Steyn van Theebus Distrik Steynsburg getroud met Hester Hendriena Elizabeth van der Walt.

VAN ZYL attela@orcawireless.co.za

Aletta Magdalena Gertruida, getroud met Izak Hermias v.d. Merwe te Upington Distrik Gordonia.

AGTEROS

Moenie worry nie

**Pietie stel sy ouers wat oorsee
vakansie hou gerus.**

"Die sprinklers werk nie meer
so lekker nie, Jannie het dit afgesny. Dit spuit
nou regop in die lug, nou is dit eers mooi."

Liewe Pa en Ma

Dit voel glad nie soos 'n week wat julle al weg is nie, want ek en Jannie geniet ons baie.

Ek het eintlik vir Pa baie slegte nuus. Ou Anna wat in die huis sou ingeslaap het terwyl Pa hulle oorsee is, se Tannie is dood en ek het toe maar vir haar gesê sy kan die hele tyd wat pa hulle oorsee is by haar familie in Soweto kuier. Dalk het Pa haar tannie geken en is ek nou die een wat die slegte nuus moet oordra.

Pa en Ma moet nou nie oor ons worry nie want ons is OK.

Ek het pa se nuwe suit vir haar man geleen vir die begrafnis, pa gee mos nie om nie.

Ek het Pa se kruisboog uitgehaal so ons kan onssself verdedig. Jis maar die ding skiet hê? Ons het cowboys en kroeks gespeel toe skiet ek na daai ou bank van ma wat oumagrootjie nog vir haar gegee het. Die pyl gaan deur hom.

Jannie het nogal baie bloed in hom, ons het per ongeluk swembadsuur op die eetkamer stoele laat kom toe ons die houer laat omval het nadat ons daarvan op die bloedkolle gegooi het. Daai kolle sit nog, maar nie meer so erg nie.

Die dokter wat vir Jannie steke in sy boud ingesit het, het gesê ons moet dit liewers nie meer doen nie. Ek het toe maar die bank vir die mense gegee wat die vuilgoed wegry want ons moes hom stukkend sny om die pyl uit te kry. Gelukkig was dit die oue wat ma altyd sê kom van Napoleon se tyd af.

Ek het my per ongeluk raakgesny en toe mos ek ook 'n paar steke kry. Die dokter sê pa gaan ons moer, ek weet pa sal nie want ons kyk mooi na ons goed né pa?

Pa, ek het toe daardie stellasio wat aan die dak van die garage hang wat pa altyd bang was val op die kar, vir pa afgehaal. Ek weet pa dink nou dit het bo op die Ferrari geval, maar dit het nie, want ek het gedink dit sou 'n helse skade wees en toe trek ek en Jannie hom eers uit.

Ongelukkig het die rak toe geval, maar net op die vloer en van die blikke verf het toe uitgespat en geloop. Van dit het teen ma se nuwe BMW gespat maar ons het dit dadelik met paintremover afgehaal. Ek weet nie hoekom nie maar dit het meer verf afgehaal as wat gespat het.

Ek het pa se kar weer ingetrek, maar die vloer was toe baie glad van die verf en toe wil hy nie gou genoeg stop nie en nou staan 'n gedeelte van sy bonnet in die kombuis waar die stoof gestaan het.

Die stoof is nou naby die yskaste waaroor ma dalk bly gaan wees. Want sy sê mos altyd sy loop haar dood tussen die stoof en die yskas.

Die kar se boot lyk nog mooi. Die stoof het ons aan vergeet op high en toe brand daai nuwe AMC pot so aan dat ek dit saam met die bank weggegooi het.

Ons het gister vir ons lekker vleis in die kaggel gebraai want dit het gereent buite en die hout was ook alles nat. Jis, het pa geweet petrol ontplof as jy 'n blik vol oor die hout gooi. Pa s'n het nog nooit ontplof nie maar Jannie sê hy dink pa gooi diesel oor.

Shame, die hond en ma se persiese kat het groot geskrik en die hele big screen TV ongehardloop. Hulle mae het sleg gespuitpoep. Ek dink dit was van die skrik, dit stink so effens in die studeerkamer.

Die hond se maag het sleg gegaan op pa se stoel, die leer een in die studeerkamer.

Daai noodhulplesse het nogal goed te pas gekom want ek het hulle dadelik in die Jacuzzi gegooi om die vlamme dood te maak. Ek dink hulle hou meer daarvan in die hitte noudat hulle nie meer hare het nie.

Pa moenie worry oordadig dat die borrels nie meer uitkom in die Jacuzzi nie ons het van daai verf wat op die garagevloer geval het daar geveerf en die gaatjies is bietjie gestop. Ma het altyd gesê sy hou daarvan as die ding blou was.

Oordat ons big screen gebreek het en ons nie kan TV kyk nie, slaap ons nou somer in julle kamer en kyk daar TV. Die kaggel lyk nou kaal oor die Persiese mat nie meer daar is nie.

Pa en Ma moet julle nou oor niks bekommer nie. Ek het die versekering gebel en hulle het al kom kyk na dit wat gebeur het. Hulle sal seker binnekort kom regmaak omdat pa dit gereeld betaal het.

Die ou wat hier was het gepraat van repireer oor nodige voorsorg wat pa getref het. Ek dink nie die ou wat hier was van die versekering kan spel nie want in die brief staan repudieer weens nodige voorsorg.

Nou ja, ek is moeg geskryf en ons wil nog gaan kyk of ons nie die molle wat besig is in die tuin kan uitrook nie. Wagter het die oom wat die water en ligte lees sleg gebyt. Hy het uit die jaart gekom want Jannie het met die grassnyer deur die elektriese hek gery.

Die sprinklers werk nie meer so lekker nie, hy het dit afgesny. Dit spuit nou regop in die lug, nou is dit eers mooi.

Die dokter dink nie die oom is te sleg gebyt nie. Die steke en inspuitings was maar net R4 500. Hy het iets gepraat van pa sue dat pa geen klere aan jou gat het nie maar ek dink hys deurmekaar. Dit is seker familie van hom, tannie Sue, soos pa se sussie, ek verstaan nie waarom hy kwaad is nie.

Ons het die swembad leeggetap en nou skaats ons lekker in die leë swembad. Daai pomp by die swembad het sulke rook gemaak en nou werk hy nie meer nie.

Ma weet daai skildery by die familiekamer, van die ou met die lap om sy kop, van Gog of ietsie. Jannie het dit bietjie meer kleur gegee. Hy het die lap weg gevef en 'n oor opgeteken, lyk nou somer stukke beter.

Hyt gesê hy gaan die een in die studeerkamer, laaste nagmaal of what ever ook bietjie renovate nadat hy daai Monalisa in die voorportaal blond gemaak het.

Ek het regtig nie geweet Jannie kan so mooi teken nie. Julle kan regtig trots wees op hom, eks bly my boetie is so slim. Al het hy die DVDd player laat val het en die ding nou nie meer werk nie.

Julle moet nou glad nie worry nie.

Geniet die 5 weke wat julle nog oorsee is en ek skryf volgende week weer. Ek kan nie bel nie Jannie het die selfoon per ongeluk in die toilet laat val, hy vang niks op nie.

Liefde Pietie

[Die outeur van hierdie brief is onbekend.]



Jou volgende
KAMMANUUS
verskyn op
21 SEPTEMBER